# VIER DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA

## Agtergrond

In 1974 het die apartheidsregering besluit om die reël opnuut in te voer wat Dr HF Verwoerd sonder sukses in werking probeer stel het in 1953 toe hy die onderwysportefeulje beklee het. Die regering aan die bewind het die 50/50-reël afgedwing, naamlik dat Afrikaans die medium van onderrig moes wees vir wiskunde en sosiale studie, terwyl wetenskap, houtwerk en kuns en handwerk in Engels onderrig sou word. Die aanvanklike weerstand was van die kant van onderwysers en ouers.

In 1975 het die skoolraad van sewe skole hul personeel opdrag gegee om nie in Afrikaans te onderrig nie, wat tot die afdanking van vyf raadsvoorsitters deur die Bantoe-onderwysdepartement gelei het.

Teen 1976 het afkeer van die Bantoe-onderwysstelsel toegeneem. In die aanloop tot die opstande van 16 Junie, het Soweto-leerlinge die slagspreuke "Enter to Learn, Leave to Serve" by die ingang van een van die sekondêre skole geskryf.

Teen Maart van daardie jaar is Afrikaans as medium van onderrig by sommige skole in die Soweto-omgewing afgedwing, en verset teen die 50/50-reël het begin toeneem.

Op 17 Mei het sommige skole boikotte gereël en daarop aangedring dat Afrikaans as medium van onderrig afgeskaf word.
In Junie het sommige skole geweier om hul eksamens in sosiale studie in Afrikaans af te lê en gedreig om die Junie-eksamens volskaals te boikot.

Op Sondag 13 Junie is 'n vergadering belê waar besluit is dat 'n optog op 16 en 17 Junie deur Soweto gehou sal word, wat met 'n massasaamtrek op Vrydag 18 Junie sou afsluit. By die vergadering op daardie Sondag is 'n komitee genaamd die Soweto Action Committee (SAC) gestig, wat uit twee lede van elke sekondêre skool in Soweto bestaan het. Die komitee is aangestel om die voorgenome vreedsame optog te beplan.

Op 13 Junie het die SAC en almal wat die vergadering bygewoon het 'n eed van geheimhouding afgelê sodat die planne nie deur informante in die wiele gery sou word nie. Oor die volgende drie dae het hulle die woord versprei en haastig instruksies uitgestuur oor wat om op die dag te doen.

Op Woensdagoggend 16 Junie 1976 het skoolleerlinge dwarsdeur Soweto by meer as 12 versamelpunte vir die optog bymekaargekom. Die maarskalke het kartonplakkate met handgeskrewe slagspreuke soos "Down with Afrikaans" en "Afrikaans is a Tribal language" versprei.

## Die Betekenis van 16 Junie

Dié dag herdenk die toppunt van verset deur die jeug van Suid-Afrika wat voor dié dag begin het en tot die koms van demokrasie in 1994 voortgeduur het. Die Soweto-opstande, die kookpunt van jeugdige weerstand, het aanleiding gegee tot 'n landwye reeks protesoptogte wat met geweld deur die apartheidsowerhede onderdruk is. Hope mense het gesterf, honderde is in hegtenis geneem en baie het die land verlaat om hulle by die verbode vryheidsbewegings in ballingskap aan te sluit. Die betekenis van 16 Junie 1976 lê opgesluit in die wyse waarop dit menslike opoffering, 'n verbintenis tot die stryd om vryheid en aktivering van die burgery simboliseer.

Dit het ook aanleiding gegee tot die ontwikkeling van 'n onderwysstelsel wat menswaardigheid, kultuurverskeidenheid en vryheid van keuse respekteer, en daarna strewe om gelyke toegang te verseker.

Die optrede van die jongmense in die 70's het oneindig baie tot die vorming van die toekoms van ons land bygedra. As toekomstige leiers kon hulle hul lot bepaal en self die weg baan wat hulle wou volg. Deur hul insig, optrede en opofferings het hulle die stryd teen die onderdrukkende regime aangevuur, wat uiteindelik tot demokrasie gelei het.

Jongmense speel steeds 'n belangrike rol in die samelewing en die demokratiese regering is verbind tot die ontwikkeling van die jeug, wat die toekomstige leiers en bewaarders van ons duur verworwe vryheid is. Die belange van die jeug word nou deur die nuut gestigte Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NJOA) bevorder, wat die Nasionale Jeugkommissie en Umsobomvu-jeugfonds vervang het as die regeringsliggaam wat jeugkwessies behandel.

## Uitdagings vir die Jeug

Baie uitdagings staar die jeug van vandag in die gesig, en dit sluit in 'n hoë persentasie werkloosheid, armoede en misdaad. Werkloosheid strek oor 'n wye spektrum van jeugdiges, van matrikulante tot diegene wat aan tersiêre instellings gradueer.

Die jeug van Suid-Afrika moet ook die uitdagings trotseer wat seksueel oordraagbare siektes en infeksies, insluitend MIV/Vigs, inhou.

Huishoudings waar jeugdiges of kinders die leiding moet neem, word al meer aangetref weens die dood van ouers as gevolg van MIV/Vigs-verwante opportunistiese siektes, soos TB.

Die belangrikste uitdaging vir dié land is om jongmense bewus te maak van hul identiteit, te sorg dat hulle kennis dra van hul geskiedenis en hulle aan te moedig om patrioties te wees. Te oordeel na die belangstelling wat jongmense in die vierde demokratiese verkiesing getoon het, is dit 'n stryd wat gewen word.

## Geleenthede vir die Jeug

Die demokratiese regering het strukture in werking gestel soos die Nasionale Jeugontwikkelingsagentskap (NJOA) wat die opdrag het om alle jeugkwessies te hanteer, van beleid tot ontwikkeling. Die Minister in die Presidensie is vir dié agentskap verantwoordelik. Die NJOA is die liggaam wat deur die regering gestig is om direk aandag te skenk aan die ekonomiese uitdagings wat die jongmense in die gesig staar, en as 'n ontwikkelingsfinansieringsagentskap is dit ook gerig op die skep van 'n forum vir werkskepping, vaardigheidsontwikkeling en die oordrag van vaardighede vir die Suid-Afrikaanse jeug.

Aandag aan en klem op onderwys word weerspieël deur die feit dat Basiese Onderwys en Verdere Onderwys afsonderlike ministers het om te verseker dat hul portefeuljes die nodige aandag ontvang.

## Die Rol van die Parlement in Jeugontwikkeling

Die Parlement het komitees soos die Portefeuljekomitee oor Vroue, die Jeug, Kinders en Mense met Gestremdhede en die Gekose Komitee oor Vroue, Kinders en Mense met Gestremdhede wat hulle vir jeugkwessies beywer. Dié komitees is verantwoordelik vir toesighouding oor jeugkwessies, en moet wetgewing hanteer wat jongmense raak.

Die Parlement het in sy oorkoepelende taak om wette te maak baie wette aangeneem soos die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, 2003, die Wet op Vaardigheidsontwikkeling, 1998, en die Wet op Gelyke Indiensneming.

In sy toesighoudingsrol hou die Parlement toesig oor die inwerkingstelling van bepaalde wetgewing, met inbegrip van dít wat op die land se jeug van toepassing is.

## Hoe Suid-Afrika se Jeug by die Parlement betrokke kan raak

Ten einde die Parlement meer toeganklik te maak, is daar 'n program bekend as "Member's Interface", waartydens jongmense met 'n individuele Parlementslid kan skakel oor kwessies wat vir hulle belangrik is. Hulle kan ook hul stem laat hoor deur mondelinge of geskrewe voorleggings te doen.

Die jeug is ook deel van die publiek wat komiteevergaderings kan bywoon, waar die meeste van die Parlement se werk plaasvind, en hulle kan sittings bywoon om waar te neem en hulself te verryk en te bemagtig.

Die Parlement het verskeie inisiatiewe wat op verskillende sektore gerig is, byvoorbeeld die Jeugparlement (wat gedurende die Jeugmaand aangebied word), waartydens kwessies wat vir die jeug ter sake is, bespreek word. Deelname word tot jongmense beperk en die verrigtinge word aan hulle gewy.

Die Grondwet verplig die Parlement om die publiek by sy bedrywighede en prosesse te betrek, daarom word die jeug, as deel van die samelewing, dikwels uitgenooi om deel te neem aan die Parlementêre inisiatiewe, soos openbare verhore, die staatsrede en ander programme gemik op uitreiking en openbare deelname.

Dié pamflet is in al die amptelike tale van Suid-Afrika beskikbaar.

Produced by Parliamentary Communication Services
INSPIRED BY PEOPLE

www.parliament.gov.za
P.O. Box 15, Cape Town, 8000.
Telephone: (021) 403 3341
Facsimile: (021) 403 3535

# VIER DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA



PARLIAMENT
OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

Afrikaans

VIER DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA